

BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER KONINKRYKSTYD 2018

Ons het die afgelope jare die waarde daarvan ontdek om **in ons persoonlike Bybellees dieselfde Skrifgedeelte vir 'n week lank te lees** – eerder as elke dag 'n ander teks. Die eeu-oue *Lectio Divina*-metode is een van baie hulpmiddels wat jou hiermee kan help. Dit sal jou help om die Skrifgedeelte nie bloot herhalend te lees nie, maar regtig al “dieper”, op so 'n manier dat jy die Gees [God!] regtig kan hoor en Hy in jou lewe kan werk.

Ons moedig ook **kleingroepe/families** aan om ook tydens die week die teksgedeelte saam te lees en te bespreek.

Op Sondag kom ons dan in die **erediens** bymekaar om die week se teks saam te lees en God se genade daarin te vier!

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES



Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

MEDITEER



Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe “lees”. Die Bybel (God!) raak die “subjek” van die aktiwiteit en ons lewe die “objek”.

BID



Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daarvoor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.

ONTVANG
& LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. “Ontvang” dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: “*Laat dit met my wees volgens u Woord*”. Bid is hier ontvang en dankie sê.

Onthou dat hierdie vier fases nie iets meganies is nie. Doen soms net een fase per dag. Soms sal jy vind een fase vloei sommer in die ander oor. Vind jou eie ritme.

Koninkrykstyl is die seisoen tussen Pinksterfees en Advent. Die eerste Sondag in **Koninkrykstyl** staan bekend as Drie-eenheidsondag en die laaste as Sondag van Christus die Koning. **Koninkrykstyl** gaan oor die lewe in God se koninkryk. In **Koninkrykstyl** word die kerk daaraan herinner om hulle wortels diep veranker te hou in God se volgehoue teenwoordigheid en in Sy Woord. Ons gaan nou leef wat in die voorafgaande feesseisoene, Advent, Lyding, Pase en Pinkster, gebeur het en ons gevier het.

EIE BYBELLEES

| <i>Week</i> | <i>Seisoen</i> | <i>Teks</i> | <i>Erediens</i> |
|--------------|----------------------|--|-----------------|
| 10 - 16 Sept | <i>Koninkrykstyl</i> | Jes 61: 1-4 | 16 Sept |
| 17 – 23 Sept | <i>Koninkrykstyl</i> | Jer 31:27-34 | 23 Sept |
| 24 – 30 Sept | <i>Koninkrykstyl</i> | Num 11:4-34 | 30 Sept |
| 1 – 7 Okt | <i>Koninkrykstyl</i> | 1 Kron 4:1-11 | 7 Okt |
| 8 – 14 Okt | <i>Koninkrykstyl</i> | Joël 1:1-14 | 14 Okt |
| 15 – 21 Okt | <i>Koninkrykstyl</i> | Joël 2:12-27 (lees ook 28-32) | 21 Okt |
| 22 – 28 Okt | <i>Koninkrykstyl</i> | Joël 2:28-32 (lees ook 12-27) | 28 Okt |
| 29 Okt-4Nov | <i>Koninkrykstyl</i> | Joël 3:1-11 (vlg ook 1:15-20 en 2:1-11) | 4 Nov |
| 5 – 11 Nov | <i>Koninkrykstyl</i> | Joël 3:12-21 | 11 Nov |



BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER KONINGKRYKSTYD 2018

Ons het die afgelope jare die waarde daarvan ontdek om **in ons persoonlike Bybellees dieselfde Skrifgedeelte vir 'n week lank te lees** – eerder as elke dag 'n ander teks. Die eeu-oue *Lectio Divina*-metode is een van baie hulpmiddels wat jou hiermee kan help. Dit sal jou help om die Skrifgedeelte nie bloot herhalend te lees nie, maar regtig al “dieper”, op so 'n manier dat jy die Gees [God!] regtig kan hoor en Hy in jou lewe kan werk.

Ons moedig ook **kleingroepe/families** aan om ook tydens die week die teksgedeelte saam te lees en te bespreek.

Op Sondag kom ons dan in die **erediens** bymekaar om die week se teks saam te lees en God se genade daarin te vier!

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES



Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

MEDITEER



Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe “lees”. Die Bybel (God!) raak die “subjek” van die aktiwiteit en ons lewe die “objek”.

BID



Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daarvoor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.

ONTVANG
& LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. “Ontvang” dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: “*Laat dit met my wees volgens u Woord*”. Bid is hier ontvang en dankie sê.

Onthou dat hierdie vier fases nie iets meganies is nie. Doen soms net een fase per dag. Soms sal jy vind een fase vloei sommer in die ander oor. Vind jou eie ritme.

Koninkrykstyl is die seisoen tussen Pinksterfees en Advent. Die eerste Sondag in **Koninkrykstyl** staan bekend as Drie-eenheidsondag en die laaste as Sondag van Christus die Koning. **Koninkrykstyl** gaan oor die lewe in God se koninkryk. In **Koninkrykstyl** word die kerk daaraan herinner om hulle wortels diep veranker te hou in God se volgehoue teenwoordigheid en in Sy Woord. Ons gaan nou leef wat in die voorafgaande feesseisoene, Advent, Lyding, Pase en Pinkster, gebeur het en ons gevier het.

EIE BYBELLEES

| Week | Seisoen | Teks | Erediens |
|--------------|----------------------|---|-----------------|
| 10 - 16 Sept | <i>Koninkrykstyl</i> | Jes 61: 1-4 | 16 Sept |
| 17 – 23 Sept | <i>Koninkrykstyl</i> | Jer 31:27-34 | 23 Sept |
| 24 – 30 Sept | <i>Koninkrykstyl</i> | Num 11:4-34 | 30 Sept |
| 1 – 7 Okt | <i>Koninkrykstyl</i> | 1 Kron 4:1-11 | 7 Okt |
| 8 – 14 Okt | <i>Koninkrykstyl</i> | Joël 1:1-14 | 14 Okt |
| 15 – 21 Okt | <i>Koninkrykstyl</i> | Joël 2:12-27 (lees ook 28-32) | 21 Okt |
| 22 – 28 Okt | <i>Koninkrykstyl</i> | Joël 2:28-32 (lees ook 12-27) | 28 Okt |
| 29 Okt-4Nov | <i>Koninkrykstyl</i> | Joël 3:1-11 (vlg ook 1:15-20 & 2:1-11) | 4 Nov |
| 5 – 11 Nov | <i>Koninkrykstyl</i> | Joël 3:12-21 | 11 Nov |

